



DIE Riviertjie

JENNINGSSTRAAT 55 STRAND TEL 021 853 5991

Jaargang 17 ❁ Nr 138 ❁ OKTOBER 2017

LEES BINNE

Gemeentenuus	2-3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Wat is Bekering	6
Gebedsaksie	7
Transkei Gebedsbrief	8
Mosambiek Geletterdheid	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self ietsie skryf?

Bydraes moet die Kerkkantoor voor 12:00 op Maandag, 16 Okt. bereik!



Jesus hardloop saam

Dit is oggend, Here Jesus, en my eerste gedagte wanneer ek wakker word, is nie noodwendig dat ek vir U wil dankie sê vir 'n rustige, veilige nag nie. Om eerlik te wees – Al waaraan ek dink, is: Ek móét opstaan, badkamer toe gaan, 'n happie eet, en dan gaan draf.

Maar ek wil liever terugklim in die bed, 'n kussing op my kop sit, en verder slaap, want dit gaan nie net oor die vroegoggend-oefening nie, Here.

U weet dat die hele res van my dag ook net 'n gehardloop, 'n gejaag, 'n altyd-vinniger-en-beter-geskarrel is.

Ek is so moeg, Here. Ek wil tot rus kom.

Waarheen hardloop ek? En waarom?

Ag, Here, natuurlik is daar nie 'n maklike antwoord nie. En natuurlik kan ek nie sommer stop en die baan verlaat nie. Vandag lyk die wêreld mos maar oral só.

Ek kan dit nie sommer eiehandig verander nie: Ek moet tog werk.

En daar is vir ons wat wel werk het, te min hande vir te veel take.

En daarby moet ek tog ook oefen om fiks te bly om my beste te kan gee.

Nou ja, daar is dus nie die opsie van sommer weer in die bed klim nie.

Maar dankie dat ek met U kon praat oor so 'n doodgewone ding.

Dankie vir die perspektief wat U my altyd gee wanneer ek dinge voor U uitpraat ... en dankie dat U my weer 'n sprankie sin gee in dié dolle gejaag. Hier gaan ek dan nou maar weer, Here.

Hou my bewus van U, wat deur die dag se gehardloop by my bly. U hardloop mos saam met my?

Verwerk na aanleiding van 'n gebed van Malcolm Boyd

Is jou hart se las te swaar om te dra?

Stuur dit per gebedspos na Jesus. Hy sal dit verwelkom.

Samuel Rutherford
Uit: Die Groot Gebedeboek
- uitgegee deur Lux Verbi-BM

Dié wat op die Here vertrou,
kry nuwe krag. Hulle vlieg
met arendsvlerke, hulle
hardloop en word nie moeg
nie, hulle loop on raak nie
atgemat nie. Jes 40:31 #Bybel
@DieWoord



LOURENSRIVIER GEMEENTE

Fontein van Hoop; Strome van Seën & Liefde; Rivier van Lewende Water (Eseg. 47)

Kol.3:11 Christus alles en in almal.



Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE.

WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).



DOOP: 3 Sept. 2017
Alex Neethling
OUERS:
Eugene & Marissa
OUPA & OUMA:
Wouter & Adele Burger

Baie seën en vreugde word
jul toegebid.

Num 6:24-26



Foto's van
MAG
(Meisies Agter God)
Oggend,
9 September



TUINPARADYS VOEDSELFEEES: 2 SEPTEMBER 2017

Hiermee ons hartlike dank....

- ♥ Heel eerste aan ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons ontvang het om van hierdie Voedsel fees so 'n groot sukses te maak. Alles tot uitbreiding van Sy Koninkryk.
- ♥ Aan al die Sameroepers wie se tafels so pragtig versier was met al die lekkernye, pannekoek, plantjies, te veel om op te noem.
- ♥ Aan elkeen wat bygedra het tot die Tombolatafel vir die Kindertent
- ♥ Aan ons gemeente wat ons wonderlik ondersteun het, asook die heerlike saamkuier by ons fees.
- ♥ Aan Leza van der Spuy vir die foto's, wat boekdele spreek van 'n wonderlike fees der feeste.
- ♥ Aan al ons nuwe lidmate wat so mooi ingeskakel het en behulpsaam was op vele terreine.



EN aan ons borgel!!!

1. Elmarie de Villiers van Cape Beronda Freight (geskenkbewyse)
2. De Kelders, Somerset-Wes (geskenkbewyse)
3. Ocean Basket, Somerset-Wes (geskenkbewyse)
4. Wimpy, Strand (geskenkbewyse)
5. Strand KWIKSPAR (deeg geskenk vir roosterkoeke)
6. Evergreen Office National vir skryfbehoeftes vir die Kindertent se Tombolatafel
7. Ben Burger vir die plantjies
8. Callie Botha wat weereens hierdie jaar sy tent beskikbaar gestel het
9. Annie Snyman vir al die gebak (ook Sondag se eetgoed) asook eetgoed geskenk

Voedsel feesgroete, Gerda en Apolonia



FOKUS OP DIE HUWELIK

Hier is 'n Blog inskrywing deur Timothy Kieswetter wat ons mans kan help om ons as vrou beter te verstaan, maar ook ons as vrouens laat verstaan hoekom mans op sekere maniere optree....bloot net omdat sy naam "man" is 😊

"Hoekom is dit so, dat wanneer ons vrouens vir ons vra om iets rondom die huis te fix kan dit tot twee jaar neem om 'n kasdeur reg te maak, maar wanneer sy net van ons verwag om te luister, dan spring ons tot die uitdaging om haar emosies te 'fix'?"

Leer wanneer om die Alfa-man te wees en wanneer om jou sagter emosionele kant te wys. Daar is niks beter as om jou vrou veilig te laat voel nie. Dit is die Alfa-man deel van jou, wanneer jy as koning, priester en profeet van jou huis optree, maar wanneer jou vrou met 'n emosionele probleem na jou toe kom, werk hierdie macho, Alfa-man rol nie so goed nie. 'n Gesonde huwelik is een waar jy as man nie net leiding kan neem nie, maar een waar jy jou sagte kant wys. 'n Deel van jou wat nie al die antwoorde het nie, 'n deel van jou wat nie elke bul by die horings wil gryp nie, maar eerder net iemand wat bereid is om in stilte te sit en luister en probeer verstaan.

Wat kommunikeer jy aan haar?

Elke keer wanneer jy iets wil 'fix' wanneer jou vrou net wil hê jy moet luister, is jy besig om aan haar te kommunikeer dat sy alleen is in die huwelik. Maar deur om simpatie te gee deur om haar hand vas te hou en toe te laat dat sy kan huil sonder om te vra "wat is nou fout?". Om oog kontak te hou terwyl jy simpatiek luister of wanneer jy terug reflekteer dat jy haar emosies verstaan, bevestig jy vir haar dat sy nie alleen in die huwelik is nie, maar dat jy saam met haar in die huwelik is, nie net as die Alfa-man nie, maar ook as die Emosionele-man.

Twee dinge wat emosies verlang:

Daar is slegs twee dinge wat emosies verlang: Om gedeel te word en om verstaan te word. So volgende keer as jou vrou na jou toe kom met haar emosies, laat toe dat sy dit met jou deel en wys haar jy verstaan, al doen jy nie 100% nie. Want die antwoord lê nie in wat jy moet doen of sê nie, maar eerder in die kans wat jy haar gun om haar hart met jou te deel."



RESEPTHOEKIE

WENKE WAT WERK:

GOOI 1 TEELEPEL SUIKER IN BESKUITBLIK OM BESKUIT VARS TE HOU

WIE HOU NIE VAN BRAAI NIE?? HIER IS 'N PAAR HEERLIKE BYGEREGTE



KAASGEREG MET BROOD

8 dik snye witbrood (smeer met botter)
3 eiers
sout, peper en mosterdpoer
2 kop gerasperde kaas
3kop melk
(opsioneel – pakkie bacon en 1 ui gebraai)
Pak 1 laag brood – gooi helfte van eier mengsel en spek en 1 kop kaas oor
pak weer laag en gooi laaste melk en laaste die kaas bo-oor
Bak in oond by 180 grade tot gaar en goudbruin.

KAAS PANBROOD

Skep 2 eetl botter in bak voeg by 1 tl knoffelsout – sit in oond dat dit smelt – sprinkel bietjie rooi peper bo-oor
Meng nou saam:
2 en half kop meel
4tl bakpoer
half tl sout
2 kop gerasperde kaas
1 en driekwart kop melk
Meng alles goed
Skep nou lepelsvol bo-op die botter en rooipeper mengsel
Bak vir 1/20 min by 180grade
Gebruik verkieslik 'n plat bak vir die gereg



BILTONG PAP BOLLE

Gebruik styf gekookte gaar Mieliemeelpap, maak bolle en druk 'n blokkie kaas in die midde in. Maak weer mooi toe en rol in fyn gekapte biltong.
Gooi 1 bakkie room oor en bak vir so 30 min in matige oond. (180 grade)
Baie lekker saam braaivleis.

PASTASLAAI

2 Koppies pasta gekook tot sag – gedreineer en afgekoel (ek het hier 1 koppie klein skulpie noedels en 1 kop macaroni gebruik)
Blokkies gouda kaas
Blokkies tamatie
Blokkies seldery
Blokkies komkommer
Handvol ertjies – sommer in die mikrogolf gegooi vir 'n paar minute
Halwe blikkie “salad cut” aspersies
Stukkies rooi, groen en geel rissie
Halwe ui – fyn gekap
Halwe koppie Cross & Blackwell mayonnaise
Kwart koppie Cross & Blackwell hamburger mayonnaise
50ml blatjang
Growwe peper , sout, en pietersielie
Meng alles en bewaar in die yskas

Jy kan ook byvoeg, pynappel, gekookte eier, viennas in ringe, spek, gevlokte hoender, rosyne, baby marrows, pitmielies, stukkies perske



Bron:

<https://kreatiewekosidees.com/2013/05/22/vinnige-maklike-bygeregte-vir-braaivleis/>

Wat is bekering?

James P. Boyce (1886) gee 'n eenvoudige en akkurate definisie. Hy sê dat "Bekering is berou oor sonde, gepaard met 'n vasberadenheid, met die hulp van God, om nie meer te sondig nie."

Wat doen bekering?

As 'n ongelowige, lei bekering tot God se vergifnis. Dit is die erkenning dat ons sondaars is en gered moet word. In die lewe van 'n gelowige, hou bekering ons oë skerp oor wat sonde is. Dit hou ook ons oë skerp oor hoe sleg sonde is. Bekering maak hoogmoed dood, hou ons harte sag sodat bitterheid of hardheid van die hart nie inkruip nie, en dit erken ons behoefte aan Jesus.

Wat is valse bekering?

Somtyds wonder ons of ons bekering waar of vals is. Valse bekering word gesien waar daar 'n verandering van aksie is, sonder 'n verandering van die hart. Dit is om te weet wat die regte woorde is om te sê, sonder om dit waarlik te bedoel. Valse bekering laat ons vir 'n minuut lank sleg voel, maar dan pla dit ons nie meer nie. Valse bekering is wanneer ons dink dat dit vir ons hoër punte sal gee by God, of om te glo dat dit sal maak dat God ons meer liefhet.

Kan ons op ons eie tot bekering kom?

Bekering is 'n werk van die Heilige Gees. Eerstens gee die Heilige Gees ons 'n nuwe gesindheid, sodat ons wil bekeer, en dan gee die Heilige Gees ons die krag om dit inderdaad te doen. Met tye prikkel die Heilige Gees ons gewetes, wat daartoe lei dat ons ons bekeer.

Wat moedig bekering aan?

Ons dink dat wanneer ons op ons sonde fokus, dan sal ons gepaste berou hê. Maar waarop ons eerder moet fokus, is op Christus, en die koste van sy opoffering. Dit sal bekering aanmoedig, en ons terselfdertyd hoop en vreugde gee.

Om tyd in die woord te spandeer moedig ook bekering aan, want in die woord sien ons die skoonheid van Jesus en die lelikheid van sonde. Ons sien ook die krag van die Heilige Gees en leer dat ons nie geroep word om op ons eie te bekeer, of sonde op ons eie te beveg nie.

Bekering is noodsaaklik vir die Christelike lewe. Dit is 'n geskenk van God waardeur ons herinner word aan ons swakheid en van God se vermoë om ons te help om dit te oorkom. Bekering lei die sondaar na die uiteindelijke vergifnis van God en as 'n gelowige, hou bekering aan om ons dankbaar te maak en help dit ons om daardie selfde vergifnis te waardeer.



Flameros[®]
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

Dance-in-Line Worx

'n Dans waaraan almal kan deelneem

Alleen dans op - "Country of Latin
of Pop of Disco of Irish", ens. musiek!

Kom sluit by ons aan ...!

Klasse: Maandae tot Donderdae

Plek: Lourensriviergemeente se saal, Strand

Skakel gerus vir Martie (083 287 7040) vir meer info.



GEBEDSAKSIE: OKTOBER 2017

LEEF JOU GELOOF IN DIE PRAKTYK UIT!

Lees Jesaja 25:9

Dikwels hoor jy van mense wat wanhoop omdat hulle beweer dat hulle gebede nie beantwoord word nie. Hulle beleef probleme, maar hulle kan daarvoor geen oplossing vind nie. Hulle ervaar moeilike tye en kan dit nie oorwin nie. Hulle hoop en droom, maar niks realiseer nie. Hulle begin dan vra: Waarom? En sommer spoedig verkeer hulle in gevaar om tou op te gooi omdat hulle geloof kwyn.

'n Baie belangrike aspek van geloof is vertroue. Wanneer jy hulp soek by iemand op wie jy kan vertrou, is daar geen sin in om dit te doen as jy nie gewillig is om die raad te volg wat hy of sy jou gee nie.

Jy kan daardie persoon nie blameer as jy daardie voorstelle verontagsaam om dan self jou probleem op te los nie.

Nog meer as wat jy jou vertroue in ander mense stel, behoort jy jou volle vertroue in God te plaas. Indien jy in gebed Sy leiding soek, moet jy geduldig op Hom wag. Bly wakker en sensitief vir die influisteringe van die Heilige Gees in jou hart en glo dat Hy handelend in jou lewe sal optree.

Jy sal die stem van die Heilige Gees op Sy eie besondere manier hoor en dan moet jy in geloof vorentoe beweeg. Vertrou God om jou te lei en vir jou te sorg. Maak jou geloof prakties. Jesus het gesê: *Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My (Joh. 14:1)*. Doen dit, en jy sal vind hoe die lewende Christus kragtig in jou lewe aan die werk is!

(Bron: "As God saamgaan" 'n Bybelse dagboek deur Solly Ozrovech).



GEBEDSONDERWERPE

Week 1 Oktober – 7 Oktober:

Bid vir Onderwysowerhede: Nasionale en Provinsiale Departemente, Skoolinspekteurs, dat daar 'n vrugbare en gesonde onderwys terrein in ons land sal bestaan!

Ps. 92:1 – Dit is goed om die Here te loof, om U Naam te besing, Allerhoogste!

Week 8 Oktober – 14 Oktober:

Bid vir alle Onderwys-instansies; Voorbereidingskole, Laerskole, Hoërskole, Kolleges en Universiteite!

Ps. 101:1 – Ek wil sing van U troue liefde en U geregtigheid, ek wil 'n lied sing tot U eer, Here!

Week 15 Oktober – 21 Oktober:

Bid vir ons skoolgaande jeug van Gr R- Gr 12 waar hulle gereedmaak vir finale eksamens!

Ps. 71:8 – Ek besing U lof en U roem gedurigdeur!

Week 22 Oktober – 28 Oktober:

Bid vir alle studente, veral vir die finale jaar studente.

Ps. 113:3 – Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word!

Week 29 Oktober – 4 November:

Bid vir alle Professore, Lektore en leerkragte.

Ps. 97:12 – Wees bly in die Here, regverdiges, prys Sy heilige Naam!



BID: Decoligny (2017-09-17)

BID:

- Nadat die groep van Decoligny teruggekeer het van Mosambiek, het een van die lede wat saamgegaan het, siek geword en gesterf. Dit was uiteraard vir die gemeente en die groep, baie traumaties. Bid dat die Here die familie en die gemeente sal troos en versterk in hierdie omstandighede.
- Bid vir Decoligny gemeente in die huidige situasie waar plakkers weereens besig is om die gronde van Decoligny te beset. Daar is reeds meer as 100 huise en heinings opgerig. Die mense het reeds die dosente se huise asook studente huise van die ou Teologiese Skool beset en eis dat die huur aan hulle betaal moet word. Hulle het die Silowa Konferensie Sentrum gestroop van meubels, deure en vensters en alle koper pype en krane. Nou sê hulle dat die huise, kerk en Bet-El Konferensie Sentrum ook aan hulle behoort en eis hulle dat die huurders se huur aan hulle oorbetaal word. Niemand weet wat gaan word van die elektrisiteit en water rekeninge wat betaal moet word nie. Bid vir die veiligheid van die huurders, bid vir Decoligny Kerkraad wat probeer om die saak te hanteer, bid vir daadwerklike en vinnige optrede van die kant van die Sinode.
- Bid vir die Manne Aksie van die Streek wat hul jaarlikse Kongres van 6 - 8 Oktober in Kokstad hou. Die Tema is "Die Skrif alleen." Sam Dandala tree op as Voorsitter van die byeenkoms.
- Bid vir Sam en sy gesin se besoek aan die gemeentes van Wes-Kaap vanaf 14 - 23 Oktober.

INLIGTING:

- Dit gaan baie goed met Sam se studies. Die semester se werkstukke is ingehandig en hy wag vir die uitslae. Hulle huis is gebou, die kinders is gesond; die oudste, Kungawo, is in die kleuterskool, Kwazi groei mooi en hulle as gesin is dankbaar vir almal wat hulle ondersteun op verskillende vlakke. Sam se groot begeerte is om 'n vaste werk te kry om 'n inkomste vir hulle te verseker.
- Dit gaan baie goed by Sinethemba. Dit gaan goed met die personeel en die kinders. Hulle wag angstig dat die reënseisoen moet begin, sodat hulle meer groente kan aanplant. Hulle bly besig met handwerk kursusse en met skoolwerk vir die kinders.

DANK:

- Ons dank die Here vir die voortgesette werk van die gemeente by Sinethemba en ook in Mosambiek.
- Die Manne Aksie van die gemeente het 'n suksesvolle byeenkoms op 3 September gehad waartydens daar voorbereidings getref is vir die Ringsbyeenkoms. Ook dit was baie geseënd. Hul tema was "Die Vryheid van die Christen in Christus."
- Die Vroue Aksie van die Ring het hul jaarlikse byeenkoms gehad vanaf 15 - 17 September.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala
(Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154 / 021 854 4620
wqpbotes@gmail.com



Mosambiek Geletterdheid

"sodat hulle die Bybel kan lees"

Nuusbrief: Augustus 2017



Inleiding

Ons hooffokus op die oomblik is om die kleuterskool gebou klaar te bou, sodat die kleuterskool soontoe kan skuif voor die sinode vergadering in die eerste week van September plaasvind. In September besoek ons weer die bosskole spesifiek vir evangelisasie. Ons vat dan 'n hele span mense saam om sokker & netbal te speel, tou te spring, te sing en die evangelie te verkondig. Bid asseblief vir die uitreike vir veiligheid! Op die oomblik loop die storie dat 'n persoon van World Vision se bakke uitgebrand en hy doodgemaak is, omdat hulle gedink het dat hy mense se bloed uit hul liggame suig. Help dat die mense ons nie as bloedsuiers sal sien nie..

Kleuterskool

Volgende moet die "louver" vensters ingesit word, die plafon en mure geverf, die beton stoep gegooi en die buitekant finaal afgewerk word.

Aan die begin van die jaar het ons met die kerk ooreengekom dat die projek 'n

klaskamer sal voltooi en dat hulle dan verantwoordelik is vir die tweede klaskamer. Die tweede klaskamer vorder stadiger, maar steeds baie goed. Die vloer is gelê, vensterrame ingesit, mure afgepleister, en die muskietnette is aan die voorkant opgesit. Dit wil wel voorkom asof die kerk gretig is om hul deel by te dra.

Sodra die kleuterskool in die nuwe gebou ingetrek het, sal ons graag die bestuurskomitee van die kleuterskool wil help om die bedryf van die kleuterskool te verbeter.

Gaan lees die volledige Nuusbrief op Lourensrivier Webtuiste of op Mosambiek Geletterdheid facebook blad



Prys die Here saam met ons vir...

- ✝ Vinnige vordering van die kleuterskool sonder probleme.
- ✝ Veilige reis na SA, in SA en terug na Milange in aanwend




Ons praat met God oor...


- ✝ Die benut van elke geleentheid om Sy Koninkryk uit te brei die laaste paar maande.
- ✝ Veiligheid en voorspoed vir September besoeke aan bosskole.
- ✝ Beroepsopsies vanaf Januarie 2018.

Groete uit Milange, Mosambiek
Niehan en Carmen Koekemoer
E pos: baiewarm@yahoo.com
Whatsapp: +27 76 434 2773
Facebook : Mosambiek Geletterdheid

Vrug van die Gees



Liefde Vreugde



Vrede Geduld

Vriendelikheid

Goedhartigheid



Getrouheid


Nederigheid

Selfbeheersing

Galasiërs
5:22-23

LEESROOSTER : OKTOBER 2017

(Fil.2:1-13; Fil.3:4b-14; Fil.4:1-9; Mat.22:15-22, 34-46)



DWARS:

- 1 Dit is die wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. [Fil. 34].
7. Wees hierdie behulpsaam. [Fil. 4].
8. Ek vir Euodia. [Fil. 4].
10. Al wat ek, is om Christus te ken. [Fil. 3].
11. Moet oor niks wees nie. [Fil. 4].
- 13 Hulle het saam met my die gevoer. [Fil. 4].
16. Een in, een van hart, een in strewe. [Fil. 2].
18. Jesus het die Sadduseërs die mond [Mat. 22].
19. Waarom stel julle vir My 'n [Mat. 22].
20. Hy wat in die van God was. [Fil. 2].
21. Moet niks uit of eersug doen nie. [Fil. 2].
22. Verskeie dinge maak die Skrywer se volkome. [Fil. 2].

AF:

1. Ek my nie dat ek dit alles het nie. [Fil. 3].
2. Is dit reg om aan die belasting te betaal? [Mat. 22].
3. Hy het Homself deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem. [Fil. 2].
4. Hulle wou Jesus met 'n in 'n val lok. [Mat. 22].
5. Wat is die grootste in die Wet? [Mat. 22].
6. Wees teenoor alle mense. [Fil. 4].
8. Toe Hy as verskyn het. [Fil. 2].
9. Jesus het deur hulle gesien. [Mat. 22].
12. Om Jesus, my Here, te ken, alles in waarde. [Fil. 3].
14. In my 'n vervolger van die kerk. [Fil. 3].
15. Wys vir My die waarmee belasting betaal word. [Mat. 22].
17. Hulle ondervind in Christus. [Fil. 2].

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.



Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za



pamgolding.co.za

